*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*

**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

**VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

*Registered at the Post Office as a Newspaper* — *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

**Price 10c Prys**
**Overseas 15c Oorsee**
**POST FREE—POSVRY**

Vol. 48.] CAPE TOWN, 18TH JUNE, 1969. KAAPSTAD, 18 JUNIE 1969. [No. 2435.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 993. 18th June, 1969.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 74 of 1969: Weeds Amendment Act, 1969.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 993. 18 Junie 1969.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 74 van 1969: Wysigingswet op Onkruid, 1969.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



# ACT

**To amend the provisions of the Weeds Act, 1937, relating to regulations, penalties and definitions.**

*(Afrikaans text signed by the State President.)*
*(Assented to 3rd June,* 1969.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 8 of Act 42 of 1937, as amended by section 2 of Act 2 of 1939.

**1.** Section 8 of the Weeds Act, 1937, is hereby amended by the substitution for paragraph *(f)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(f)* prohibiting or restricting the importation, distribution, conveyance or sale of any seeds or any material with which the seed or any portion of any particular weed has become mixed, and prescribing the powers and duties of officers in connection with the inspection of seeds or any material;".

Amendment of section 9 of Act 42 of 1937, as amended by section 3 of Act 2 of 1939 and section 2 of Act 32 of 1964.

**2.** Section 9 of the Weeds Act, 1937, is hereby amended by the substitution for paragraph *(f)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(f)* without exemption granted by the Minister either generally by notice in the *Gazette* or in any particular case in writing, disposes of any seed or portion of any weed to any other person (whether for consideration or otherwise), or offers, advertises, keeps, exposes, transmits, conveys or delivers for sale any seed or portion of any weed,".

Amendment of section 13 of Act 42 of 1937, as amended by section 4 of Act 2 of 1939 and section 4 of Act 32 of 1964.

**3.** Section 13 of the Weeds Act, 1937, is hereby amended by the insertion after the definition of "eradicate" of the following definition:

"'material' means fodder, hay, manure, packing material, padding, sand, sawdust, soil, stable-bedding, and any other thing declared by the State President by proclamation in the *Gazette* to be material for the purposes of this Act;".

Short title.

**4.** This Act shall be called the Weeds Amendment Act, 1969.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



# WET

**Tot wysiging van die bepalings van die Wet op Onkruid, 1937, met betrekking tot regulasies, strafbepalings en woordomskrywings.**

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 3 *Junie* 1969.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 8 van Wet 42 van 1937, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 2 van 1939.

**1.** Artikel 8 van die Wet op Onkruid, 1937, word hierby gewysig deur paragraaf (*f*) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*f*) wat die invoer, verspreiding, vervoer of verkoop van saad of materiaal waarmee die saad of 'n deel van 'n bepaalde onkruid vermeng geraak het, verbied of beperk, en die bevoegdhede en pligte voorskryf van beamptes in verband met die ondersoek van saad of materiaal;".

Wysiging van artikel 9 van Wet 42 van 1937, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 2 van 1939 en artikel 2 van Wet 32 van 1964.

**2.** Artikel 9 van die Wet op Onkruid, 1937, word hierby gewysig deur paragraaf (*f*) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*f*) sonder vrystelling deur die Minister òf in die algemeen by kennisgewing in die *Staatskoerant* òf in 'n bepaalde geval skriftelik verleen, 'n saad of deel van 'n onkruid aan iemand anders van die hand sit (hetsy teen vergoeding of andersins) of 'n saad of deel van 'n onkruid vir verkoop aanbied, adverteer, hou, uitstal, versend, vervoer of lewer,".

Wysiging van artikel 13 van Wet 42 van 1937, soos gewysig deur artikel 4 van Wet 2 van 1939 en artikel 4 van Wet 32 van 1964.

**3.** Artikel 13 van die Wet op Onkruid, 1937, word hierby gewysig deur na die omskrywing van „uitroei" die volgende omskrywing in te voeg:

„,materiaal' grond, hooi, mis, saagsels, sand, stalkooigoed, stopmateriaal, veevoer, verpakkingsmateriaal, en iets anders wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* tot materiaal vir die doeleindes van hierdie Wet verklaar het;".

Kort titel.

**4.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Onkruid, 1969.